

DIE BURGER

praat saam



'Madiba-boom' is toe nooit gesteel nie
 'n Boom wat met die naamgee-seremonie van Nelson Mandela-boulevard geplant, maar intussen as 'gesteel' aangegee is, is opgespoor. O fiewel, dit blyk nou dat die boom toe nooit gesteel is nie.



Twee "groen helde" uit Suid-Afrika is op 'n Britse koerant se lys van 50 invloedrykes wat met hul omgewingswerk die Aarde kan red. Dié lys is saamgestel deur 'n paneel van The Guardian, bestaande uit sleutelfigure in die wêreldwye omgewingsdebat – onder andere mnr. Bob Watson, oud-hoofwetenskaplike van die Wêreldbank, en mnr. Gerd Leipold, hoof van die omgewingsdrukgroep Greenpeace. Mnr. Valli Moosa, voorsitter van Eskom en oudminister van omgewingsake, sowel as Aubrey Meyer, 'n internasionaal bekende violis wat sy heil in Londen gaan soek het, is die twee Suid-Afrikaners wat op die lys verskyn. Moosa het gister nie daarvan kennis gedra dat hy op die lys is nie, maar het by navraag aan Die Burger gesê sy insluiting "is 'n eer". "Dit is 'n huldeblyk aan alles wat ons al bereik het om die omgewing in Suid-Afrika te bewaar," het hy gesê. Een van die redes waarom Moosa ingesluit is, is volgens The Guardian omdat hy in sy termyn as minister 'n veldtog begin het om Suid-Afrikaners aan te moedig om minder plastieksakke te gebruik. Volgens Moosa is die Suid-Afrikaanse publiek en nieregerings-organisasies redelik omgewingsbewus en was bogenoemde veldtog "baie suksesvol". Die belangrikste impak van dié veldtog is egter op die denke van die Suid-Afrikaanse bevolking, meen Moosa. "Jy kan net iets verander as jy mense se denke kan verander," het hy gesê. Meyer, wat al viool in die wêreldbekende Londense Filharmoniese Orkes gespeel het en oorspronklik van Kaapstad is, het in 1990 'n "klein, informele" organisasie, die Global Commons-instituut, begin. Deur dié organisasie probeer hy die "gevaarlike koers van klimaatsverandering afweer". Die instituut se aktiwiteite het gelei tot 'n voorstel waarvolgens lande hul koolstofdioksiedvrystellings beheer om by 'n maksimum aanvaarde vlak aan te pas. Sy voorstel behels dat ontwikkelde lande hul vrystellings per capita geleidelik verminder en ontwikkelende lande hulle s'n geleidelik vermeerder sodat hulle halfpad ontmoet en alle lande se vrystellings dan dieselfde is. Volgens hom het sy passie vir die omgewing van sy dogter gekom, wat in 1990 vir hom gevra het of die Aarde regtig besig is om te sterf. "Ek het nie geweet hoe om die vraag te hanteer nie en is steeds nie seker hoe om dit te doen nie." Behalwe dié twee Suid-Afrikaners is ander "groen helde" wat op die lys verskyn onder andere die voormalige Amerikaanse vise-president mnr. Al Gore en die Hollywood-ster Leonardo DiCaprio.

Dié twee SA groenes kan Aarde help red KAAPSTAD

Die Burger